

RADIOPRAATJIE VIR RSG opname 31 Maart 2014 vir 4 April 2014 uitsaai
 Dr Chris Viljoen
 Naam: Petrus Britz
 Titel: Programbestuurder, LNR – Instituut vir Landbou-ingenieurswese, Pretoria

ONDERWERP:

Wat ?	Biogas vir Landelike Gemeenskappe
Hoekom	Die oorsake van klimaatsverandering word toegeskryf aan skadelike gasse soos metaangas wat vrygestel word in die atmosfeer, asook koolsuurgas agv verbranding van hout, wat weer tot ontbossing lei. Ontbossing lei weer tot gronderosie en minder plantbedekking vir fotosintese, wat koolsuurgas verbruik. VPgas word deesdae in landelike gebiede gebruik, wat net so sleg is. Die LNR doen tans 'n projek vir Dept van Landbou, Bosbou en Visserye (DLBV) om biogasverteeders vir 9 gesinne in die Vrystaat as loodsprojek te installeer en te toets. Hierdie keer het ons voorafvervaardigde ondergrondse plastiese tenke gebruik ipv gemesselde baksteen-koepelvormige verteeders, wat vinniger konstruksie bewerkstellig. Elke gesin het ook 'n herlaaibare battery-lantern gekry om die brand van kerse uit te skakel.
Resultate	In 4 van die gevalle is vroue verantwoordelik om die biogasverteeders daaglik van mis-water te voorsien en die verteeders werk uitstekend. In die ander gevalle het die mans nie die verteeders nie elke dag korrek gevoer nie, met swakker resultate.
Ekonomie se voordele	Die suksesvolle biogasverteeders lewer voldoende biogas om daaglik 4 uur lank gas te lewer vir kookdoeleindes, wat voldoende is vir 'n gesin van 5 persone. Die biogas bespaar die gesinne elk ongeveer R 300/maand aan VP gas en R 50/maand aan kerse. Verder word PV panele gebruik om die lanterns en selfone te laai. Voorheen moes hulle 5 km stap om hul selfone te laai. Vrouens hoef nou nie meer ure lank rond te loop op soek na brandhout nie en kan dus ook deel neem aan ekonomiese bedrywighede nadat hulle kos voorberei het. Ontbossing word hierdeur beperk, wat help om gronderosie te bekamp. Die verteede beesmis is natuurlik hoog in stikstof en ander voedingstowwe wat ideal vir 'n groentetuin aangewend kan word.
Kontak	Petrus Britz Programbestuurder, LNR – Instituut vir Landbou-ingenieurswese, Pretoria Tel: 012 842 4311 e-Pos: BritzPJ@arc.agric.za